**Handboekwerk:**

**Dinsdag 21 April 2020**

## Kenmerke van 'n kaart – Bladsy 53


### Kenmerke van 'n kaart

- 'n Kaart is 'n visuele teks.
- Die woorde op 'n kaart word byskrifte genoem en help jou om dit te verstaan.
- Dit het 'n skaal om afstande voor te stel.
- Dit het 'n sleutel wat die simbole daarop verduidelik.
- Daar is baie verskillende soorte kaarte: weerkaarte, landkaarte, wêreldkaarte, kaarte waarop paaie aangedui word, kaarte waarop interessante plekke aangedui word, ens.
- 'n Weerkaart gebruik altyd dieselfde weersimbole. Dit dui temperatuur, windspoed, weerstoestande en kouefronte op verskillende plekke aan.

## Weerkaart – Bladsy 54

### Teks 1: 'n Weerkaart

Bestudeer hierdie sinoptiese weerkaart en beantwoord dan die vrae.



# Leesbegrip – Bladsy 54

## Post-lees: Verstaan die teks

Beantwoord die volgende vrae:

1. Watter weer word vir Kaapstad voorspel?
2. Watter plek op hierdie kaart het die laagste minimum temperatuur?
3. Is dit 'n goeie idee om by Hermanus met 'n vissersboot op die see uit te gaan? Motiveer.
4. Watter seisoen is dit waarskynlik? Verduidelik jou antwoord.
5. Wat dink jy is motreën? Watter teken of simbool word gebruik om motreën aan te dui?
6. Waar verskyn hierdie weerkaart?
7. Verskyn daar elke dag 'n nuwe kaart? Hoekom?
8. Weet jy wat ons die skryfteken in die woord 'n en die eienaam L'Agulhas noem?